durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

13 Oktober 2019

### 13 Oktober 2019, Koninkrykstyd Predikante Waardering Sondag

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Pieter Henning*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 MATRIEKDiens**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Biblia/Hawesending**

Die Evangelie word aan seelui en vissers gebring in die Tafelbaai hawe, maar ook by Saldanha en Mosselbaai.

### 20 Oktober 2019, Biddag: Gesondheidsdienste

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Arno Mattheus*

**Deuroffer: Makhatini**

### 27 Oktober 2019, Nagmaal Hervormingsfees

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Schalk van Wyk*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Mizelle Prinsloo*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Arno Mattheus*

**Deuroffer: Matrixpedisie**




## EK AS VROU ...

### is geskep, is vry, behoort, staan stewig, laat los en dien.

Dit was die tema by die Dameskamp vanjaar soos gehou by Kleinmond. Hierdie kamp het vrouens die geleentheid gebied om stil te word, met mekaar te kuier sonder bekommernisse oor klere en grimering (of self kinders). Daar is gelag en soms diep gepraat.

Saam het hul geleer en ontdek. Die kreatiewe kant het ook aandag gekry met die verf en mooimaak van ‘n skinkbord (verskaf deur Loubser houtwerke). Dankie aan Karin Bosman wat voorgevat het met die reëlings.

## Durbanville/Bergsig Seniors

Die afsluitingsvergadering vir 2019 vind plaas op:

**Donderdag: 31 Oktober 2019**

**Tyd: 9:30**

**Plek: Bergsig-Gemeente**

Oggend van sang en musiek waar die bekende **Jan Visser** sal optree.

Lede wat die immer gewilde Kersete op Donderdag 28 Nov 2019 by Eensgezind wil bywoon moet by bogemelde vergadering hul R140.00 per lid betaal, asook aandui of hulle van eie vervoer of van die bus gebruik sal maak.

## SENIOR HUISBESOEKTEE

Liewe Seniorlidmaat, al is dit vir ons onmoontlik om by elkeen persoonlik besoek af te lê wil ons tog saam met jul tyd spandeer.

Dit is tyd vir ons tweede Huisbesoek-kuiertee, dit vind plaas op Donderdag, 17 Oktober 2019, by NGK Bergsig om 10:00.

By die geleentheid verwelkom ons alle seniors wat gebore is in die jare 1939 tot 1943 (almal wat vanjaar 76 - 80 jaar oud word).

Indien jul kan saamkuier kan jul asb. die kerkkantoor laat weet voor of op 14 Oktober 2019 voor 12h00.

**LW alle gades wat buite die ouderdomsgroep val is welkom om saam te kuier.**

## NUUS:

13 Okt: Predikante Waardering
13 Okt: Preekreeks: Koninkrykstyd
15 Okt: Doopkategese
17 Okt: Seniors Huisbesoektee
18 Okt: Uitreikgeleentheid
19 Okt: Betesda-mark
25 Okt: Gemeentekuier: Rib & Tjips
27 Okt: Nagmaal & Hervormingsfees
31 Okt: Seniors Afsluiting

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### LESOTHO GESINS TRIPPIE 5-15 DES 2019

Gesinne is welkom om met hulle eie voertuig saam te kom. Dit is die vierde keer wat ons gaan kuier in Lesotho. Ons is in 'n vennootskap met die Semonkong Children Centre (SCC) waar ons ondersteun en help tydens ons besoek.

Daar is nog plek vir twee seniorjeug tieniers om saam met ons te ry.

**Wat gaan dit kos per persoon?**

R 1000 vervoer & R 500 kos & R500 verblyf
R 500 paspoort en unabridged certificate, as jy nie het nie – nou aansoek doen.
R 500 sakgeld (hike / perdry / restaurant / warm stort)

Daar is darem ook tyd om lekker te ontspan en selfs op 'n Basotho ponie te ry. Gesinne kry kans om van die Basotho kultuur te leer op die uitstappie.

Kontak: Jaco van Vuuren 021 979 2225





## FCD Fisantekraal Centre for Development

Ons kon met groot dankbaarheid by die onlangse Jaarvergadering ons werksaamhede deel. Daar is so baie om oor dankbaar te wees, ons is oorweldig met hoe die Here die FCD bediening lei en vooruitgaan. Dankie ook vir julle – Bergsig speel n enorme rol in die FCD bediening en daarvoor is ons jul elkeen baie dankbaar.

Geen pad in die Koninkryk is sonder struikelblokke nie en so staar FCD ook 'n groot uitdaging in die gesig. Ons kyk na die Here vir uitkoms, maar daar is krag daarin om uit te reik na ons netwerke en hande te neem waar moontlik. Ons is onlangs op 'n baie onoffisïele wyse en met uiters kort kennisgwing ingelig deur die stad dat hul nie 'n voorneme het om ons 10 jaar huur (wat einde Nov verstryk) te hernu nie. Daar is baie korrespondensie heen en weer en ons is in verskeie gesprekke met die stad om ons saak te stel vir heroorweging aangesien die Taxi rank perseel so uiters ideaal is vir ons bedrywighede. Ons moet wel terselfdertyd dringend kyk na alternatiewe opsies en wil graag vra dat as julle enige voorstelle of kontakte het jul asb. kontak sal maak met ons. Dit is wel belangrik dat ons 'n perseel so naby as moontlik aan die Durbanville vervoer hub het (sowat 1 km radius) en die huur natuurlik binne ons vermoëns sal wees.

Dankie dat ons ook in hierdie moeilike tyd op jul kan staatmaak vir ondersteuning, vanselfsprekend sal jul gebede vir spoedige uitkomste, uiters kosbaar wees.

Jane Gelderman +27 83 805 7042

## LOERIESFONTEIN DROOGTEHULP terugvoer

Die Uitreik na Loeriesfontein was 'n reuse sukses. Baie trane het geloop, baie drukkies is gegee en baie lekker lag is gelag!! Vader was self daar en dit was sielsverrykkend! Wonderlike getuienisse is reeds in verlede week se Bergsig Boodskap met julle gedeel. Nogmaals dankie vir almal se bydraes en gebede.

## Attie van Wyk vakansieuitreik







'n Video oor die vakansie-uitreik is op die kerk se facebookblad beskikbaar.






21 November | 18:00

Ry van Durbanville Gemeente

Verlede jaar het ons Ysterplaat Gemeente besoek en 'n vennootskap gesmee wat ons graag wil uitbrei.

Ons kom 18:00 op 21 November bymekaar by Durbanville Gemeente se parkeerarea.

Ons vertrek dan na Ysterplaat vir die Echo-ete saam met die gemeenskap. Ons behoort 21:00 terug te wees. Julle kan Ds. Wynand Breytenbach kontak vir inligting by 071 640 9797.

**DONASIE vir ete is welkom:**

6 x R75 se Maalvleis

4 x R50 se Groente en Brode

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

### NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word. Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**
**071 529 9491**

**MANS TGIF** 05:45 Vrydagoggende
LUister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

### EREDIENSTYE IN BERGSIG tydens SKOOLKWARTALE:

8:15-9:15 Klassieke Diens 1 uur
10:00 - 11:15 Informele Diens 1,15
18:00—19:15 @6 Aanddiens 1,15

Bergsig het 'n gebeds-whatsapp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Indien daar iets in jou lewe, die gemeente of die samelewing gebeur waaroor ons ernstig moet bid, stuur asb die gebedsversoek ook na ds Mizelle en sy plaas dit op die groep.

Om 'n lewe te leef sonder gebed is net so onmoontlik soos om te lewe sonder om asem te haal.

**Gebed**

## KNIELTYD

| | | | |
|---|---|---|---|
| JC Smith | Richterstraat 8, 082 563 0408 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Marius van Deventer | Nicestraat 6, 082 338 4119 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Ryka Kuyler | Palomino 7, 083 691 4421 | Knievervanging | Herstel en bemoediging |
| Jeanette Söhnge | La Gratitude 50, 021 975 3712 | Man oorlede | Troos en bemoediging |
| Margeret Krige en kinders | Oatlands Plaas, 072 193 2672 | Man en pa oorlede | Troos en bemoediging |
| Lynette van Niekerk en kinders | Occultdale Hoofwoning, 021 972 1674 | Man en pa oorlede | Troos en bemoediging |
| Joe Matthasen | Botterblomstraat 55 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Alida Nel | La Gratitude Siekeboek | Hartomleiding | Herstel en bemoediging |
| Luan Gous | 2 Wild Olive Cres. 072 529 0207 | Dat dokters Luan se siekte sal kan diagnoseer | Herstel en bemoediging |
| Charlotte Lingenfelder | Constantiastr. 18, 021 976 8434 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | Herstel en bemoediging |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kankerdiagnose | Herstel en bemoediging |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | Herstel en bemoediging |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, 076 177 7626 | Kanker | Herstel en bemoediging |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***

**Immergroen Ouerskap**

www.immergroenouerskap.co.za

## Immergroen Ouerskapkursus

Ontwikkel deur Hettie Brittz

Die sewe weke kursus sal jou n beter begrip gee van die volgende:

- Die dissipelskapproses;
- Jou en jou kind se temperament;
- Die boustene van gesag;
- Groeiseisoene van jou kind;
- Jou as ouer se kweekstyl;

Die doel van die kursus is om ouers en kinders se harte na mekaar toe te draai.

**Datum**: 17 Oktober 2019- 28 November 2019
**Tyd**: Woensdae aande 18:30-21:00
**Plek**: 5 Aristea straat, Durbanville
**Kontak**: Junita 082 303 7330 (Immergroen fasiliteerder)

## BEHOEFTES

FISANTEKRAAL
Centre for Development
Equipping people for a meaningful life

VRYWILLIGE FASILITEERDERS VIR DIE VOLGENDE:

LEWENSVAARDIGHEDE
KLIËNTEDIENS
ENGELSE GELETTERDHEID
LOOPBAANAFRIGTING
ONDERHOUD EN CV-VOORBEREIDING

U HOEF NIE 'N KUNDIGE TE WEES OM AAN ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE DEEL TE NEEM NIE; ONS BENODIG SLEGS 'N VRYWILLIGER MET 'N HART OM MENSE TE ONTWIKKEL

KONTAK UNITA BY 021 975 7764 OF E-POS PARTNERS@FISANTEKRAAL.ORG.ZA VIR MEER INLIGTING

# BETESDA-MARK

Die Betesda Uitreikprojek vir Gestremdes se maandelikse verkoping vind plaas op Saterdag 19 Oktober by Bergsig Kerksentrum h/v Boland en Protea in Vierlanden Durbanville van 8:00 - 14:00

Al die Boeke, CDs, DVDs en viniel plate word vir R10 verkoop. Koffie, tee, pannekoek, tuisgebakte pasteie en soetigheid en ander snuisterye is ook te koop.

Die projek ondersteun persone met een of ander gestremdheid of beperking wat fisies, intellektueel, emosioneel, geestelik of omstandighede kan wees. Dit sluit in die 7 inwoners van **Huis Masonic** vir persone met kwadruplegie in Gazellestraat, Uitzicht en die 5 kinders met ernstige en diepgaande intellektuele en fisiese gestremdhede van **Yarden Children's Enrichment Centre** in Crownsingel, Vierlanden asook ander individue in die gemeenskap.

Die projek maak dit moontlik dat kinders van **Durbanville Kinderhuis** en persone uit die gemeenskap gratis kan deelneem aan **PerdePret** 'n terapeutiese aktiwiteit met perde.

***Indien u boeke, DVD's, CD's of viniel plate wil skenk kan u dit by die Bergsig kerksentrum aflaai of ons sal dit by u afgehaal.***

Vir meer inligting oor die projek en die mark skakel Hans Human by 082 549 0518.



## DSH

Durbanville Senior's Hub

Navrae:
079 762 3071

**Durbanville Senior Hub (DSH)**

Durbanville beleef 'n groeiende gemeenskap van senior volwassenes wat na Durbanville beweeg, terwyl aftree-oorde duur is en tehuise oorvol is met jarelange waglyste.

**Visie**

Om vanuit 'n omgee gesindheid seniors wat ondersteuning benodig by te staan.

**Doelwitstelling**

Om seniors sovêr moontlik selfversorgend en aktief, met waardigheid, in hulle bekende omgewing te behou en vereensaming te verhoed.

**Aksieplan**

Durbanville Senior Hub (DSH), wil 'n netwerk van kundige persone organiseer wat vanuit 'n goed ingerigte **Dagsorgsentrum**, 'n wye verskeidenheid ondersteunende dienste aan senior volwassenes beskikbaar stel teen bekostigbare fooie.

**Kernwaardes**

Respek, Deernis, Diens









# Predikante Waarderingsdag

Daar is ‘n groeiende beweging wêreldwyd om jaarliks op die tweede Sondag van Oktober ‘n Predikante Waarderingsdag in gemeentes te hou.

Predikante Waarderingsdag is ‘n beweging wat in 1992 begin het met die stigting van “Clergy Appreciation Month”. Die motivering daarvoor vloei uit twee skrifgedeeltes in die Nuwe Testament.

1 Timoteus 5 vs 17: “Die ouderling wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkening te kry, veral die wat hard werk deur te preek en onderrig te gee”.

1 Tessalonisense 5 vs 12-13: “Broers, ons vra julle: Erken die mense wat so hard onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en teregwys. Betoon in liefde die hoogste agting aan hulle ter wille van hulle werk”.

Die amp van predikant is deel van God se plan om Sy Koninkryk op aarde te laat kom. Die predikant is ‘n dienaar van God en sy gestuurde en ook in diens van die gemeente en die gemeenskap.

Ons is intens bewus van die uiters belangrike en lewensveranderende rol wat predikante en jeugbedienaars in gemeentes regoor die wêreld speel. Ons leef in uitdagende en snel-veranderende tye wat baie hoë emosionele en intelektuele eise aan hulle stel. Hulle verdien ons waardering, ekenning, liefde en ondersteuning.

Vanoggend sê ons as gemeente dankie aan Ds. Philip Scholtz, Kobus De Jager, Johan Els en Mizelle Prinsloo.

Ons sê ook dankie aan ons senior- en juniorjeugbedienaars, Arno Mattheus en Stephanie Steenkamp onderskeidelik.

Ons waardeer julle en wens julle seën en voorspoed toe.




Glowkidz is opgewonde om nou ook ons kinderdienste op Youtube met die wêreld te deel. Ons maak elke week ’n kort (5 minute) video met die afgelope Sondag se boodskap, aktiwiteit en liedjie waarna ouers en kinders deur die week kan luister. Die video is op ouderdom 4-10 jaar gerig. Dit word weekliks op Bergsig se Youtube kanaal gelaai, maak dus seker jy “subscribe” of soek die video deur glowkidz by die soekveld in te tik. Vind ook hier die skakel:

https://youtu.be/R0FkYqYHH_E

glow KIDZ

Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld






**Bergsig se gemeentekuiers is baie gewild en dit is belangrik om vroegtydig jou kaartjie te bespreek en te betaal. Kaartjies moet ook vooraf afgehaal word by die kerkkantoor. Bring jou vriende, al is hulle nie van Bergsig–gemeente nie en kom kuier lekker saam.**



Bergsig is baie bevoorreg om 'n nuwe generasie teologie studente vanuit ons geledere te hê. Links is Braam Els. Hy is tans in Graad 6 en oortuig van sy roeping om predikant te word. Langs hom is Dian Keyter. Hy is tans Graad 11 en gaan in 2021 kweekskool toe. Chaldin Bezuidenhoud en Christian Heath is besig met matriek en reeds ingeskryf vir volgende jaar. Brenden Pretorius gaan volgende jaar by die Timothy Bible School in Wellington studeer en dan by YWHAM aansluit om 'n voltydse sendelinge te raak. Carli Venter het pas haar BTH Graad in teologie voltooi en wil graag verder nagraads studeer.



Straatuitreik | 18 Oktober | 18:30

FCD Kantore (Taxi rank)

Die straatuitreik wat op 18 Okt om 18:30 plaasvind word deur Durbanville en Bergsig-Gemeentes aangebied.

Almal van alle ouderdomme is welkom om ons op dié Vrydag by FCD se kantore te kry. Heerlike geleentheid om as 'n familie uit te reik. Ons doen vinnige opleiding voor die uitreik.

Wil jy buite jou gemaksone in 'n veilige ruimte blootstelling hê? Hierdie is die plek daarvoor. Navrae: Annamaré 021-976 4106

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527